H.C. BREDEKAMP (RED.)
*Afrikaanse geskiedskrywing en letterkunde: Verlede, hede en toekoms*
Publikasiereeks D2
Bellville: Universiteit van Wes-Kaapland
1992
R19.50
ISBN 1-86808-128-1

Dit is soms nodig vir 'n boek om 'n tyd op die rak deur te bring sodat dit 'n "ryp- en/of vrywordingsproses" kan ondergaan. Op hierdie manier kan vasgestel word in hoeverre die inhoud daarvan die toets van die tyd deurstaan het. *Afrikaanse geskiedskrywing en letterkunde: Verlede, hede en toekoms* is so 'n boek. Dit was nodig vir 'n Nuwe Suid-Afrika met 'n demokraties-verkose meerderheidsregering om te kom en die geestesklimaat te skep vir die (her-)evaluering van die werk wat 'n uiters relevante onderwerp aanspreek.

Die bundel bestaan uit referate wat in 1991 by 'n simposium van die Universiteit van die Wes-Kaap aangebied is. In die pers het die gebeurtenis redelik opslae gemaak met apologie wat aangebied is vir apartheid. Daar was ook 'n kritiese bestekopname gemaak van die stand van die Afrikaanse historiografie. Dit was destyds sensasioneel genoeg om die belangstelling van die koerantlesende publiek te prikkel.

Nou, by die latere lees van die referate, is daar, benewens 'n historiese bewussyn oor die tydsgebonde evaluering daarvan, 'n verskeidenheid nuwere insigte wat, weens die onlangse politieke veranderinge, gestalte aanneem.

In wese kan die historiografiese tekste in die bundel gedefinieer word as aaneengeskakelde uitinge van *selbskritik* deur Afrikaanstalige historici oor dit wat die Afrikaanse geskiedskrywing te beurt geval het in 'n paradigmatiese politieke klemverskuiwing wat vanaf 1989 in momentum toegeneem het. Die totale teks (waaronder die bydraes van letterkundiges ook gereken word) is verteenwoordigend van 'n post-modernistiese dekonstruksie van ikone deur middel van 'n onbewustelike toepassing van die *refleksiwiteits*-benadering in die evaluering van dit wat skrifstellers (in sommige gevalle hul eie werk) in Afrikaans geskep het.

In die bydraes is daar gedeeltes van tekste wat ruk. Daar is uitsprake soos: "Die voortbestaan van Afrikaner geskiedskrywing lê in sy vernietiging: dit sal geskiedskrywing in Afrikaans oor Suid-Afrika moet word" (p. 81); en "(A)lles wat sover akademies in Afrikaans geproduseer is, (is) 'n spieëlbeeld van die akademiese agterstand en sosiale miskenning van hulle wat in die twintigste eeu met die Khoisan gestereotipeer word" (p. 55). Met 'n mate van sinisme en 'n kille ontmaskering van onderliggende nasionalistiese strominge word oor die vroeë wetenskaplike geskiedskrywing in Afrikaans verklaar dat dit "... bewustelik en onbewustelik nog steeds help bou (het) aan 'n heroiese beeld van die Afrikanervolk waarin onder andere rasvermenging met gekleurde groepe as weersinwekkend beskou was" (p. 87). Daar is ook die aantygings dat: "In Afrikanergeskiedskrywing was daar 'n voorkeur vir volks- bo universele waardes ... Die objektiwiteit het gely onder die apologetiek, diensbaarheid aan verskillende sake en die regverdiging van die volksbestaan ..." (p. 124).

Daar is prikkelende feite waarvan kennis geneem word. So byvoorbeeld word 'n verklaring gegee van waar die woord "apartheid" ontstaan het. Die semiotiese simboliek tref die leser van die teks wanneer die term herlei word na 'n Vrystaatse predikant wat lank reeds deel van 'n *vergete* werklikheid is (p. 32). Daar is in een voordrag ook die pseudo-dramatiese eksegese van 'n historiese artikel uit die twintigerjare. Dit handel oor een van die vroegste uitsprake oor "Afrikanerskap" in die agtiende eeu. Metodologies blyk daar in hierdie bydrae heelwat onbeholpenhede te wees. Dit is egter 'n uitsondering op die reël in 'n bundel wat gekenmerk word deur indringende besinning deur bekwame historici.

Die fokus van die bundel op Afrikaanse geskiedskrywing is besonder waardevol en insiggewend. Vanuit 'n *resepsie*-perspektief is dit interessant dat die "Afrikaner" steeds in 'n eksklusiewe kokon bly voortleef in die denke van historici wat nuwe rigtings in die Suid-Afrikaanse geskiedenis ondersoek. Die *auteurs* wat hulself deur die bank met Afrikaans en die "Afrikaner(s)" (let wel nie noodwendig die Afrikaanstalige Suid-Afrikaner nie) vereenselwig, wys in 'n verskeidenheid van gevalle hoe bevooroordeeld en onder die dekmantel van 'n beweerde klassieke wetenskaplike metodologie, inhoud deur vorige geslagte aan 'n gewaande ideologie, *apartheid*, gegee is.

Dat daar groot skade aangerig is, ly geen twyfel nie. So byvoorbeeld, lees mens dat daar in die geringe getal werke in die Afrikaanse ekonomiese geskiedskrywing grootliks op die Afrikaner, ten koste van ander Suid-Afrikaners, gekonsentreer is (p. 107). Ook is min sosiale geskiedenis — 'n belangrike benadering wêreldwyd in die laat twintigste eeuse post-industriële wêreld — deur "Afrikaners" nagevors en "korrek" geskryf (pp. 40-50). Die ideologiese "klankie" wat kultuurgeskiedenis mag hê, negeer dit klaarblyklik, binne die raamwerk van die post-modernistiese kritiek, vir oorweging as 'n variant van sosiale geskiedenis. In die bundel word met vaardigheid en omvangryke insig — sonder om

aanstoot te gee — gepoog om verklarings te gee vir die unieke ontwikkelingsgang van die Afrikaanse historiografie.

Die agterstand van Afrikaanse historiografie aan die begin van die negentigerjare word duidelik wanneer dit met die produksie van "Engelstalige" historici oor Suid-Afrika vergelyk word. Internasionale belangstelling in historiese tekste waarvan die taalkode in 'n meer verstaanbare sein oorgedra word, is 'n bepaalde rede vir hierdie toedrag van sake. Ook is dit die resultaat van 'n opwelling van teoretiese aannames in die laat sestiger- en vroeg sewentigerjare wat nou verweef was met neo-Marxistiese struktuurvorming en kritiek. Onderliggend aan al hierdie verklarings is die blywende indruk dat die agterstand van Afrikaanse historici gevoed is deur 'n intellektuele isolasie wat voortgespruit het uit selfopgelegde verantwoordelikheid om, strydig met 'n breër lewenswerklikheid, alternatiewe en soms diskriminerende denkbeelde van die verlede te konstrueer.

In die motivering vir sy negering van die outeur van 'n teks, het Roland Barthes by geleentheid verklaar, dat die outeur/*auteur*, wanneer daar in hom geglo word, altyd die verlede van sy eie boek voorhou; die boek en die outeur staan outomaties op 'n enkele lyn wat deur 'n "pre-" en 'n "post" verdeel word (*Image music text*, New York 1977, p. 145). In *Afrikaanse geskiedskrywing en letterkunde: Verlede, hede en toekoms* is hierdie perspektief van belang.

Die leser kom onder die indruk dat daar by die *auteurs*groep 'n beklemmende voortydige eksistensialistiese krisismentaliteit bestaan het. Dit was moontlik vasgeval in die onderliggende vrees vir 'n toekoms sonder simboliese spieëlbeeld of sondebok.

Die outeurs, waarvan die name hier oorbodig is, het met bykans kinderlike opregtheid 'n geheelindruk gegee waarin voorspel is dat Afrikaans as taal van die geskiedskrywing in 'n Nuwe Suid-Afrika 'n totaal ander rol gaan beklee. Die voortgesette benutting, instandhouding en handhawing van die spraakkode en simboliek is selfs bevraagteken.

By die lees van die megateks wil dit voorkom asof die taal waarin die werk geskryf is, nogal 'n voortreflike bydrae kan lewer in die wetenskaplike ontsluiting van die historiese verstaansproses. In die toekoms mag dit 'n nog meer konstruktiewe rol speel in die ontsluiting van die verstaanbare waarhede. Miskien kan die outeurs wat in hierdie bundel *gedekonstrueer* het, nou begin bewys lewer van hoe daar *gekonstrueer* behoort te word.

JOHANN W.N. TEMPELHOFF
*Universiteit van die Noorde*